# UITNODIGING OM BY 'N BESKERMDEGEBIED-ADVIESKOMITEE AAN TE SLUIT

Organisasies met 'n belang by natuurreservate word genooi om aansoek te doen om lidmaatskap van een van die Stad Kaapstad se beskermdegebied-advieskomitees.

Die natuurreservate en beskermde natuurlike omgewings sluit Blaauwberg, Bracken (insluitende Perdekop en Haasendal), Durbanville (insluitende Uitkamp-vleiland, Botterblom), Edith Stephens, Valsbaai (insluitende Rondevlei, Zeekoevlei, Pelican Park, Slangetjiebos en Strandfontein-voëlgebied), Helderberg (insluitende Silverboomkloof, Harmony Flats en Morkel's Cottage), Steenbras, Tafelbaai (insluitende Rietvlei, Dieprivier, Milnerton-resiesbaan en Zoarvlei), Tygerberg (insluitende Bothasig en Arriesfontein), Witzands-akwifeer (insluitende die Klein Dassenberg Heuwels), Wolfgat (insluitende Zandwolf, Strandfontein-akwifeer en Macassar-duine), en Zandvlei (insluitende Muizenberg-Oos) in.

Die rol van die advieskomitees is om advies te gee en interaksie, kommunikasie, skakeling en die ontwikkeling van vennootskappe met belanghebbende en omliggende gemeenskappe te fasiliteer om die gestelde bestuursplandoelwitte van die natuurreservate te bevorder.

**Vir meer inligting en 'n aansoekvorm, besoek https://www.capetown.gov.za/City-Connect/Have-your-say/surveys-and-submissions/become-a-member-of-a-protected-area-advisory-committee of kontak Eleanor Hutchings by paac@capetown.gov.za. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Mei 2024.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA30/2024**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**